| |
|---|
| Verslagwaardig: Ja / Nee<br>Sirkuleer aan Regters: Ja /Nee |

Sirkuleer aan Landdroste: Ja /Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (NOORD-KAAPSE AFDELING)

***KIMBERLEY***

***SAAK NO.: 64/06***

***DATUM AANGEHOOR: 28-04-2006***

***DATUM VAN UITSPRAAK:05-05-2006***

In die saak tussen:

GOSALAMANG MARY KESWA **APPLIKANT**

en

MONNAPULA SAMUEL KESWA

**RESPONDENT**

**CORAM: C.C WILLIAMS R:**

# *U I T S P R A A K*

**WILLIAMS R:**

1. Die partye tot hierdie aansoek is op 14 Maart 1969 binne gemeenskap van goedere met mekaar getroud. Op 6 Desember 2005, meer as 36 jaar later, is die huwelik ontbind deur ‘n bevel van hierdie Hof waaronder dit ook gelas is dat die

partye se gemeenskaplike boedel gelykop verdeel word.

2. Ongeveer ‘n week na die egskeiding, op 12 Desember 2005, rig die applikant se prokureurs ‘n brief aan die respondent waarin hy uitgenooi word om voor 10 Januarie 2006 met die gemelde prokureurs kontak te maak om die verdeling van die gemeenskaplike boedel te bespreek sowel as om afskrifte van al sy bankstate vanaf 1 Januarie 2004 te verskaf, by gebreke waaraan ‘n aansoek gebring sou word om ‘n ontvanger aan te stel.

3. Op 9 Januarie 2006 reageer respondent se prokureurs op bogenoemde skrywe by wyse van ‘n brief aan die applikant se prokureurs waarin hulle noem dat die beskikbare bates in die gemeenskaplike boedel bestaan uit ‘n onroerende eiendom geleë te Mojanangastraat 2, meubels en huisraad. Daar is verder ‘n versoek gerig dat *“our client is kindly requesting your client to consent that the said immovable property be transferred on to the names of children. His request is based on the fact that both parties are now old.”*

4. Die applikant was nie genoeë met hierdie reaksie van die respondent nie en het op 27 Januarie 2006, op ‘n dringende basis, die Hof genader en ‘n bevel in die volgende terme verkry:

“1. Dat ‘n bevel nisi uitgereik word waardeur die Respondent opgeroep word om redes,

indien enige, aan te voer voor hierdie hof op Vrydag die 17de Februarie 2006 om 10H00 of so spoedig moontlik daarna as wat die saak aangehoor kan word, waarom die volgende bevel nie verleen sal word nie:

*1.1 Dat die Respondent verbied word om die bates van die gemeenskaplike boedel van die Respondent en die Applikant te vervreem, te verhuur, te pand of op enige ander wyse te beswaar of daarmee te handel hangende die aanstelling van 'n ontvanger.*

*1.2 Dat Catherine Louise Lloyd aangestel word as ontvanger ten einde die gemeenskaplike boedel van die Applikant en die Respondent te likwideer.*

*1.3 Dat Catherine Louise Lloyd in haar hoedanigheid as ontvanger die volgende magte en bevoegdhede sal hê.*

*1.3.1 Om alle bates van die gemeenskaplike boedel van die Applikant en Respondent in besit te neem te administreer, te beheer te bewaar en in stand te hou.*

*1.3.2 Om die bates van die gemeenskaplike boedel te verseker en om premies te betaal, indien sy dit nodig mag ag.*

*1.3.3 Om van die Applikant en Respondent te vereis die oorbetaling of lewering van enige gelde of bates in hulle besit en indien enige bates van die gemeenskaplike boedel sedert datum van egskeiding deur enige van hulle vervreem is, te vereis dat hulle rekenskap daarvan moet gee en om 'n billike en redelike markwaarde daarvan aan haar oor te betaal.*

*1.3.4 Om ondersoek in te stel en die respondent te ondervra ten aansien van bates wat hy vervreem het voor datum van egskeiding sonder teen waarde.*

*1.3.5 Om sodanige bates terug te vorder van die persoon aan die Respondent dit vervreem het.*

*1.3.6 Om al die bates van die gemeenskaplike boedel te vervreem op sodanige wyse en terme as wat sy in haar eie diskressie mag bepaal op voorwaarde dat indien die Applikant of die Respondent sekere bates wil behou. Sy dit aan hulle kan verkoop teen die redelike en billike markwaarde daarvan.*

*1.3.7 Om die laste van die gemeenskaplike boedel te betaal, insluitende haar eie fooi en uitgawes.*

*1.3.8 Om die balans van die opbrengs van die vervreemding van die bates gelykop tussen die partye te verdeel.*

*1.3.9 Om hierdie hof te nader vir aanwysings indien enige probleme ontstaan met die uitoefening van haar mag en bevoegdhede of as sy nie tevrede is met inligting verstrek deur die Applikant of die Respondent nie.*

*1.4 Dat die Respondent die koste van hierdie aansoek sal betaal.*

*3. Dat paragraaf 2.1 sal geld as 'n tussentydse bevel en interdik met onmiddellike werking, hangende die aanstelling van 'n ontvanger."*

(Die verwysing in paragraaf 3 van die hofbevel na paragraaf 2.1 is ooglopend verkeerd en behoort eintlik te lees *"paragraaf 1.1".*)

5. In haar funderende stukke beweer die applikant dat sy geen

vertroue het in die *bona fides* van die respondent nie aangesien daar baie meer bates in die gemeenskaplike boedel is as wat die respondent aan die hand doen. Dat die respondent na sy aftrede gedurende 2004 'n bedrag van R172 060,89 ontvang het vanaf die De Beers Pensioenfonds en nie behoorlik rekenskap kan gee van wat met die geld gedoen is nie. Die applikant beweer ook dat die respondent probeer om ander bates van die gemeenskaplike boedel te vervreem asook poog om die onroerende eiendom oor te dra aan die partye se kinders. Dit behoort gemeld te word dat die applikant reeds gedurende 2002 die gemeenskaplike woning verlaat het.

6. Die respondent opponeer hierdie aansoek hoofsaklik op die basis dat daar geen dringendheid rondom hierdie aangeleentheid bestaan nie en ook omdat daar volgens hom geen rede bestaan vir die aanstelling van 'n ontvanger nie aangesien daar nie 'n dispuut is oor die verdeling van die gemeenskaplke boedel nie.

7. Wat dringendheid betref betoog mnr. Rex, wat namens die respondent verskyn, dat daar geen gevaar van benadeling is vir die applikant nie, aangesien die respondent nie die onroerende eiendom ingevolge die Registrasie van Aktes Wet 47 van 1937 sonder haar skriftelike toestemming kan vervreem nie. Alhoewel hierdie betoog in isolasie gesien meriete het, laat dit

steeds die bewering dat die respondent ook van die ander bates probeer vervreem onaangesproke.

8. Die respondent meld boonop self in sy opponerende verklaring dat hy die pensioengeld waarna die applikant verwys onder die familie uitgedeel het nadat die applikant geweier het om na die gemeenskaplike woning terug te keer. Hierdie optrede van die respondent is sprekend van eiemagtigheid.

9. Die blote feit dat die onroerende eiendom nie sonder die applikant se toestemming vervreem mag word nie, beteken nie dat die aangeleentheid nie dringend is nie. Die onroerende eiendom is tog nie die enigste bate van die gemeenskaplike boedel nie en te oordeel aan die respondent se optrede met die pensioengeld kan die applikant kwalik veroordeel word daarvoor dat sy nie die respondent vertrou nie.

10. Die applikant is geregtig op die gelyke verdeling van die gemeenskaplike boedel en indien sy nie vertroue het in die respondent in hierdie verband nie, was sy na my mening geregtig om so gou doenlik, voordat verdere bates vervreem word, aansoek te doen vir die aanstelling van 'n ontvanger en dat die respondent intussen verbied word om enigsins te handel met die bates van die gemeenskaplike boedel. Die woorde van Van Zyl R in *Revill v Revill* 1969(1) SA 325 (CPD)

het veral hier toepassing waar die geleerde regter op 326 E tot F die volgende sê:

> " . . .He goes further and he says that there is no authority upon which this court could order the appointment of a receiver unless there is a dispute between the parties. In my opinion that is not the position. The position is that no man can be a judge in his own cause. In other words neither party can take upon himself or herself the right to divide the joint estate. In fact, no party in any form of community is entitled to divide the common property and the other party be forced to accept that position. Once either party has no faith in the bona fides of the other party, he is entitled to demand the appointment of a receiver."

11. Die respondent se verdere betoog dat daar nie 'n dispuut bestaan tussen die partye nie, word na my mening deur die blote feit dat hierdie aansoek tot op hierdie stadium gevorder het sonder dat enige skikking tussen die partye bereik is negeer.

12. Na my meing is hierdie by uitstek 'n geval waar 'n onpartydige persoon aangestel behoort te word om die partye se boedel te verdeel. Die applikant doen aansoek dat me. Lloyd, 'n plaaslike prokureur, aan die Hof bekend as 'n persoon van integriteit, in die hoedanigheid van ontvanger aangestel word. Me. Lloyd het ook tot die aanstelling toegestem. Ek is tevrede ten spyte van die respondent se beswaar dat hy nie vir me. Lloyd ken nie, dat sy die aangewese persoon is om die taak te verrig.

13. Mnr. Haddad, wat namens die applikant verskyn, het versoek dat die magte van die ontvanger soos per paragraaf 1.3.4 van die bevel nisi uitgebrei word sodat hierdie paragraaf in geheel

die volgende lees:

> *"1.3.4 Om ondersoek in te stel en die Respondent te ondervra ten aansien van bates wat hy vervreem het voor datum van egskeiding sonder teenwaarde en om bankstate en ander dokumente te bekom wat nodig is om te bepaal watter bates en beleggings die partye besit en die omvang daarvan."*

Verder versoek mnr. Haddad ook 'n wysiging van paragraaf 1.3.5 van die bevel nisi deur die invoeging van die woord *"wie"* tussen *"aan"* en *"die"* daarin.

Hierdie wysigings word toegestaan.

**Die volgende bevel word gemaak.**

**Die bevel nisi, gewysig soos per paragraaf 13 hierbo, word bekragtig.**

---

**C.C WILLIAMS**
**REGTER**

**<u>Nms. Applikante</u> :          Mnr. Haddad**

i.o.v. Elliott, Marris, Willmans & Hay

| | |
|---|---|
| <u>Nms. Respondent</u>: | Adv. Rex |
| | i.o.v  Ponoane Prokureurs |